| | | |
|---|---|---|
| **Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **September 2023** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Persoonlike verhaal:** Vasgevang in emosies

1 Wie sê ’n mens kan net deur kettings en boeie vasgebind word? Nee, jy kan ook deur emosies vasgevang word. Jy kan die gevangene van verskillende emosies wees. Emosies wat al hoër en hoër mure om jou bou.

2 Dis wreed om te dink grootouers kan die een kleinkind liewer as die ander een hê. Al probeer ek hoe hard om hulle liefde te wen, sal my suster altyd die uitverkore kleinkind wees. Selfs net by die noem van haar naam, glinster hulle oë. Die emosie van verwerping sluk my al dieper en dieper in.

3 Ek woon ook net prysuitdelings by omdat ons verplig is om daar te wees. Hoewel ek trots op my suster is omdat sy die een beker na die ander vir sport ontvang, omsingel die emosie van minderwaardigheid my. Waarom kon ek nie maar soos sy ook in tennis, hokkie en netbal uitgeblink het nie? Dis mos nie regverdig nie! Dis of die groen gogga op my skouer rus. Ek mág net eenvoudig nie in die emosie van jaloesie verstrengel raak nie! Dis immers my suster. Ek behoort saam met haar bly te wees. Ek behoort my saam met haar in die emosie van blydskap toe te spin.

4 Nou nie dat ek veel beter op akademiese gebied gevaar het nie. Ek het my graad ook altyd net-net geslaag. Soos my pa altyd sou sê: “As dit nie vir jou rok was nie, sou jou vel al nerf-af gewees het. Kyk nou maar net na jou suster. Sy gaan nog hoogtes bereik.’’ Daardie woorde van my pa sal my altyd bybly. As hy maar besef het hoe seer hy my gemaak het. Seermaakwoorde waaroor ’n mens nie ’n pleister kan plak nie. Woorde wat die tronkmure al hoër om my gebou het. Woorde wat my al meer en meer minderwaardig laat voel het.

5 Ná skool het ek en Susan mekaar in die biblioteek ontmoet. Ons het groot vriendinne geword. Almal het van haar gehou. Sy het ’n sprankelende geaardheid gehad. Sy het my by haar vriendekring ingetrek. Vir die eerste keer het dit vir my gevoel of ek aanvaar word nes ek is. Dit het vir my gevoel of ek uit die tronk van emosies van verwerping en minderwaardigheid ontsnap het. Ek bevind my nou in die tronk van aanvaarding en geluk.

**Hardoplees:** Vasgevang in emosies

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemotoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **September 2023** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling B** | **Luister en praat** |

**Weervoorspelling:** Weervoorspelling vir die naweek

15 Junie 2017 www.netwerk24.com

Chrislynn Sias Aangepas uit: *Die Huisgenoot*

1 Teen die begin van die naweek kan Kapenaars op Vrydag ’n redelik warm winterdag verwag, met ’n verwagte maksimum temperatuur van 21°C. “’n Sonnige dag kan aan die Kaap verwag word, hoewel ’n kouefront Vrydagaand oor Kaapstad sal inbeweeg,” het Henning Grobler, ’n weervoorspeller van die Suid-Afrikaanse Weerdiens, gesê.

2 ’n Kouefront sal Saterdag oor Kaapstad beweeg en ligte reënbuie word Saterdagoggend verwag. Later die middag sal die reën opklaar en die son sal weer sy verskyning maak. Teen Saterdagmiddag kan ons ’n maksimum temperatuur van 19°C verwag. Sondagoggend sal dit gedeeltelik bewolk wees, maar daar is min of geen kans op reën nie. Die kwik sal gedurende die dag tot 18°C styg.

3 Gautengers kan ’n heerlike warm naweek verwag met ’n maksimum temperatuur van 22°C vir Vrydag en Saterdag.

4 In KwaZulu-Natal kan ’n warm naweek verwag word. Die maksimum temperatuur vir Saterdag sal 28°C wees, terwyl die kwik Sondag tot by 30°C kan styg. Sonnige weer word vir KwaZulu-Natal vir die volgende twee dae voorspel.

5 In die Noord-Kaap sal hewige donderbuie voorkom. Kimberley en omgewing kan ’n maksimum temperatuur van 23°C vir Vrydag en ’n maksimum temperatuur van 25°C vir Sondag verwag.

**1 Wat verstaan jy onder “die maksimum temperatuur”?** /1
**2 Hoe verskil die reënbuie wat die Kaap kan verwag met dié van die Noord-Kaap?** /1
**3 Watter ooreenkoms is daar tussen die weersomstandighede van Vrydag met dié van Saterdagmiddag aan die Kaap?** /1
**4 Wat verstaan jy onder “gedeeltelik bewolk”?** /1
**5 Na watter provinsie sal vakansiegangers wat wil swem, gaan?** /1

**Totaal: 5** **/5**

**Praat:** Dui die temperatuur en weersomstandighede van drie onderskeie provinsies aan

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat en oorredende taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Aanduiding van temperature en weersomstandighede: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, beklemtoning en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 20** **/20**

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Graad 4</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>September 2023</u>** |
| **<u>Vraestel 2</u>** | **<u>Afdeling A</u>** | **<u>Leesbegrip</u>** |

**1 Dagboekinskrywing:** <u>’n Paar aangename dae by die see</u>

***Donderdag, 6 Junie 2023***

1 Ons reis na Struisbaai was voorspoedig, dog effens vermoeiend. My pa het by Meiringspoort stilgehou. Ons kinders het in die helder poele water geswem. “Ook maar net kinders wat in hierdie koue water sal swem. Dit wil vir my voorkom of hulle te dom is om koud te kry,” het my pa skertsend vir my ma gesê. Wel, ek dink hy was reg.

2 Die bergpas was ook geen grap nie. Die wind het sterk gewaai en ’n mens kon voel hoe die wind aan die motor ruk. Ek kon die konsentrasie op my pa se gesig lees. Ek het al in my geestesoog gesien hoe ons deur die afgrond ingesluk word.

3 Uiteindeliuk het ons ons bestemming bereik. Vir ’n beter verblyf kon ons nie gevra het nie. Daar was slegs ’n straat tussen die chalet en die strand. Jy kon die branders duidelik hoor breek. Kompleet asof hulle met jou praat.

***Vrydag, 7 Junie 2023***

4 Vroeg die oggend is ons af strand toe. Die strand was oortrek met bont sambrele. Ek het dadelik in die see gegaan. Ek het elke oomblik ingedrink as die branders oor my breek. Ek het die een brander na die ander aangedurf. Sonder ophou. Sonder om te besef, het ek lelik gebrand. Dit kom nou daarvan as jy nie ’n sonblokmiddel aansmeer nie! Terwyl ek geswem het, het my ma onder die sambreel gelê en boek lees. Iets wat ek natuurlik glad nie verstaan nie. Kom ’n mens nie juis see toe om te swem nie?

***Saterdag, 8 Junie 2023***

5 My pa en my broer het gaan hengel… maar met leë hande teruggekeer. Hengel is nou nie juis bo-aan my lysie van ontspanning nie. Hulle het so daarna uitgesien om ’n vis te kon vang! Ek kon sommer die teleurstelling op hul gesigte sien. Ek het hulle eintlik jammer gekry. Terwyl hulle visgevang het, het ek in die see baljaar. Ek het selfs ’n nuwe vriend ontmoet.

***Sondag, 9 Junie 2023***

6 Nog ’n laaste keer die see aandurf. ’n Laaste keer in die branders baljaar. Ek het in elke brander geduik, net om geskommel en uitgespoeg te word. Ná ’n heerlike oggend in die seewater, het my ouers ons geroep. Die lang pad het voorgelê. Ag, kon ons nie maar nog ’n paar dae by die see vertoef het nie? Maar hoe sê hulle: Lekker is maar ’n vinger lank.

**1.1 Gee ’n <u>beskrywing</u> van die bergwater.** (2)

**1.2 Watter <u>emosie</u> het hierdie kind in paragraaf 2 ervaar?** (1)

**1.3 Lees paragraaf 4. Reken jy dit was ’n sonskyndag? Verskaf slegs EEN <u>rede</u> vir jou antwoord.** (1)

**1.4 Wat beteken: “Ek het elke oomblik ingedrink as die branders oor my breek”?** (1)

**1.5 Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat die bostaande leesstuk ’n voorbeeld van ’n <u>dagboek</u> is.** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**2** **Inligtingsteks:** Die verskillende gebruike van papier

1 Die Egiptenare het reeds ongeveer 4000 jaar voor Christus papier van die papirusplant gemaak. Die Chinese het 105 jaar na Christus die bas van die moerbeiboom met bamboes, hennep en vlas gekombineer om dun skryfvelle te skep. Die proses waarmee ons vandag papier van houtpulp maak, is reeds in 1840 ontwikkel. In ons land word papier hoofsaaklik van die hout van aangeplante bome gemaak.

2 Skryfpapier word gemaak sodat ’n mens met ’n pen of potlood daarop kan skryf. Sulke papier is gewoonlik wit of lig van kleur. Dit is taamlik glad sodat die ink nie te veel in die papier invloei wanneer ’n mens daarop skryf nie.

3 Jou toebroodjie is dalk in papier toegedraai wat sterk en waterdig is. Hierdie soort papier word dikwels met was behandel en in rolle verkoop. Ons draai pakkies gewoonlik in bruinpapier toe. Boeke word ook gewoonlik met bruinpapier oorgetrek.

4 Papierhanddoeke, snesies, toiletpapier en kladpapier is voorbeelde van absorberende papier. Anders as skryfpapier, moet dit vloeistowwe juis baie goed kan opsuig.

5 Koerante word op koerantpapier gedruk. Hierdie papier word ook vir kladboeke, toedraai- en pakpapier gebruik. Koerantpapier is goedkoop, maar nie besonder sterk nie en word geel met ouderdom. Die voordeel van koerantpapier is egter dat dit drukkersink besonder vinnig kan absorbeer en dit vining laat droog word.

6 Die papier wat gebruik word vir leesboeke en tydskrifte hou langer en is duurder as koerantpaier. Hierdie soort papier het dikwels ’n glanslagie.

7 Daar is ook baie soorte karton, van sterk, verdikte papiervelle tot riffelkarton. Die plakkate in die klas is verdikte karton met ’n glanslagie. Riffelkarton word weer vir die maak van kartonbokse gebruik.

**2.1** **Hoe hou die inhoud van die leesteks verband met die opskrif?** (1)

**2.2** **Wat is die kerngedagte van paragraaf 2?** (2)

**2.3** **Noem slegs EEN gebruik van koerantpapier.** (1)

**2.4** **Skryf die kernsin in paragraaf 7 neer.** (1)

**2.5** **Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n *inligtingsteks* is.** (1)

**2.6** **Reken jy die bostaande leesteks is geloofwaardig? Verskaf slegs EEN rede vir jou antwoord.** (1)

**Totaal: 7** **/7**

**3** **Biografie:** Biografie van Helen Keller

1 Helen Keller is op 27 Junie 1880 in Alabama in die VSA gebore. Op die ouderdom van 19 maande het sy as gevolg van ’n baie ernstige siekte doofstom en blind geword.

2 Op sewejarige ouderdom het Anne Sullivan vir Helen begin onderrig. Sy het onmiddellik begin om vir Helen te leer om met haar vingers te spel. Binne enkele maande het Helen geleer om aan voorwerpe te raak en dit dan met woorde te identifiseer wat Anne op haar palm uitgespel het, om sinne op haar palm te lees en om haar eie sinne te konstruktueer. Haar vermoë om te leer, was verbasend goed.

3 Helen het vinnig leer lees, eers met letters wat uitgestaan het en daarna met braille. Op tienjarige ouderdom het sy begin leer om te praat. Alhoewel sy geleer het om te verstaan wat iemand sê deur haar vinger op sy lippe en keel te sit terwyl die persoon die woorde aaneenlopend uitspel, kon sy dit nooit regkry om te praat nie.

4 Helen het later aan die Radcliffe-kollege gegradueer en het sodoende die eerste blinde en doofstom persoon met ’n graad in die skone kunste geword. Met die hulp van haar onderwyseres, Anne Sullivan, het Helen die eerste blinde en dowe persoon geword wat doeltreffend met die wêreld kon kommunikeer. Op 1 Junie 1968 is sy vreedsaam in haar slaap oorlede.

**3.1** **Lees paragraaf 1. Beskryf die ruimte.** (1)

**3.2** **Hoe weet jy dat Helen Keller nie doofstom en blind gebore is nie?** (1)

**3.3** **Hoe sou jy Helen Keller opsom.** (1)

**3.4** **Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n biografie is.** (1)

**Totaal: 4** **/4**

**4** **Gedig:** Kabouterliefde
*(Vir Simone)*

1 “Die kabouter met die rooi-rooi pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gisteraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan

2 Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy’t dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal

3 Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul’t rondom ons in ’n kring getrek
soos ’n laer in die nag

....

*Ingrid Jonker*

Uit: *Versamelde werke,* Human & Rousseau, 1994

**4.1** **Wie is die digteres van die bostaande gedig?** (1)
**4.2** **Aan wie het die digteres hierdie gedig opgedra?** (1)
**4.3** **Hoe noem ons ’n *strofe* wat uit vier versreëls bestaan?** (1)
**4.4** **Skryf die TWEE versreëls in strofe 2 neer waar ons die effek van *beweging* aantref.** (1)
**4.5** **Skryf die klanknabootsende woord in strofe 2 neer.** (1)
**4.6** **Dui die woorde in strofe 3 aan waar ons assonansie aantref.** (1)
**4.7** **Skryf die TWEE versreëls in strofe 3 neer waar ons personifikasie aantref.** (1)
**4.8** **Watter woord in strofe 4 rym met “warrelwindkring”?** (1)

**Totaal: 8** **/8**

**GROOT TOTAAL: 25** **/25**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 4** | **Afrikaans Huistaal** | **September 2023** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal** |

**Storie:** Lulu leer haar les

1 Lulu is ’n selfsutige tienjarige meisie. Sy woon in ’n groot huis in ’n pragtige woonbuurt. Sy’s die enigste kind. Gevolglik bederf haar ouers haar baie. Sy was ’n regte bedorwe brokkie. Sy eet altyd haar kos voor haar maats sonder om dit met hulle te deel. Sy deel

ook nooit haar speelgoed nie.

2 Een sonnige Saterdagmiddag gaan Adam, Mutzi en Emma by Lulu speel. Hulle besluit om haar ’n dure les te leer. Sy verdien dit immers dubbel en dwars.

3 Mutzi neem sy nuwe skaatsplank saam met hom. Die kinders ry beurtelings op en af op die skaatsplank in die lang oprit by Lulu se huis. Toe haar maats haar nie ’n beurt met Mutzi se skaatsplank gee nie, word sy baie kwaad. ‘‘Jy kan jou eie skaatsplank koop,’’ het hulle vir Lulu gesê.

5 Lulu voel baie mismoedig en teleurgesteld. Sy het verwag om die middag te geniet, maar nou voel dit vir haar of haar maats haar eenkant toe skuif. Sy besef dat sy haar maats nie reg behandel het nie. Sy besef nou dat sy altyd selfsugtig was. Nou kon sy ook voel hoe dit is as iemand nie iets met jou wil deel nie.

6 Die volgende oomblik nooi Lulu hulle na binne. Sy sê dat hulle saam met haar sjokoladekoek moet kom eet. Sy sê selfs dat hulle op haar rekenaar kan kom speel. Haar maats is verbaas en glo dat sy voortaan haar eetgoed en speelgoed meer dikwels sal deel. Hulle geniet die sjokoladekoek.

**1 Skryf die onderstreepte sin in reël 1 oor in die toekomende tyd.** (1)
**2 Skryf die onderstreepte sin in reël 2 oor as ’n vraagsin.** (1)
**3 Skryf die sterk verlede deelwoord in reël 2 neer.** (1)
**4 Skryf die bywoord van tyd in reël 3 neer.** (1)
**5 Skryf die saamgestelde woord in reël 4 neer.** (1)
**6 Maak ’n sin van jou eie met die basiswoord van die onderstreepte woord in reël 5.** (1)
**7 Wat beteken die onderstreepte idioom in reël 6.** (1)
**8 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte byvoeglike naamwoord in reël 7.** (1)
**9 Vorm ’n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 8.** (1)
**10 Skryf die onderstreepte sin in reëls 9&10 oor in die indirekte rede.** (1)
**11 Verdeel die onderstreepte woorde in reël 11 in lettergrepe.**
**12 Gee die verkleinwoord vir die onderstreepte woord in reël 12.** (1)
**13 Skryf die onderstreepte sin in reël 13 oor in die ontkennende vorm.** (1)
**14 Skryf slegs EEN onbepaalde voornaamwoord in reël 14 neer.** (1)
**15 Skryf die onderstreepte sin in reël 18 oor in die lydende vorm.** (1)

**Totaal: 15** **/15**

**Graad 4** **Afrikaans Huistaal** **September 2023**

**Vraestel 3** **Skryf**

**Skryf ’n verhalende opstel van 100–120 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Woorde-moord wat letsels gelaat het. / Die storie het soos ’n veldbrand versprei.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, taalgebruik en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Emosies, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Oorsaak en gevolge: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**OF**

**Skryf ’n <u>beskrywende opstel</u> van 100–120 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die bedelaar by die verkeerslig. / Seisoene. / My oupa op die stoep.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, beeldspraak en skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik en teenwoordige tyd: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf ’n <u>weerberig</u> van 60–80 woorde oor die *temperatuur* en *weersomstandighede* vir die volgende twee dae. Dui dan ook in <u>grafiekvorm</u> die maksimum *temperature* vir die onderskeie dorpe en stede aan.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Beskrywing van temperatuur en grafiek: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywing van weersomstandighede en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**OF**

**Voer ’n <u>onderhoud</u> van 60–80 woorde met ’n sportheld / die hoof van ’n plaasskool.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf en beskrywing van omgewing: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Dialoog, formaat, taalgebruik en beskrywing van optrede: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**<u>Graad 4</u>** **<u>Afrikaans Huistaal</u>** **<u>Memorandum</u>**

**Weervoorspelling:** <u>Weervoorspelling vir die naweek</u>

1 Dit is die warmste temperatuur. **(enige ander aanvaarbare antwoord)** (1)

2.1 <u>Die Kaap</u>
Die Kaap kan ligte reënbuie verwag. ½

2.2 Die Noord-Kaap
Die Noord-Kaap kan hewige donderbuie verwag. ½ (1)

3 Die son sal skyn. (1)

4 Dit sal nie die heeldag bewolk wees nie./
Die son sal kort-kort agter die wolke verdwyn. /
Slegs dele van die betrokke provinsie sal bewolk wees. **(slegs EEN)** (1)

5 Hulle sal KwaZulu-Natal toe gaan. (1)

1 **Dagboekinskrywing:** 'n Paar aangename dae by die see

1.1 Die bergwater was helder ✔ en koud.✔ (2)

1.2 Die emosie van vrees. (1)

1.3 Ja. Die strand was oortrek met bont sambrele. /
My ma het onder 'n sambreel gelê en boek lees. /
Die kind het lelik gebrand. **(slegs EEN)** (1)

1.4 Ek het elke oomblik geniet as die branders oor my breek. (1)

1.5 Die beskrywing van gebeure word gegee. /
Ons tref die eerstepersoonsverteller hier aan. **(slegs EEN)** (1)

**2 Inligtingsteks:** Die verskillende gebruike van papier

2.1 Hier word die verskillende gebruike van papier bespreek. (1)

2.2.1 Skryfpapier is gewoonlik wit of lig van kleur, aangesien 'n mens daarop skryf. Sodoende kan jy lees wat jy geskryf het.

2.2.2 Dit is glad sodat die ink nie te veel daarin vloei as 'n mens daarop skryf nie. (2)

2.3 Koerante word op koerantpapier gedruk. / Dit word vir kladboeke gebruik. /
Voorwerpe word daarin toegedraai om te verhoed dat dit beskadig. **(slegs EEN)** (1)

2.4 Daar is baie soorte karton, van sterk, verdikte papiervelle tot riffelkarton. (1)

2.5 Slegs feite word weergegee. / Inligting omtrent papier word gegee. /
Die inligting word nie bevraagteken nie. **(slegs EEN)** (1)

2.6 Ja. Enige realistiese antwoord wat met die *inhoud* van die bostaande leesteks verband hou. (1)

**3 Biografie:** Biografie van Helen Keller

3.1 In Alabama in die VSA. (1)

3.2 Helen Keller het eers op die ouderdom van 19 maande as gevolg van 'n ernstige siekte blind en doofstom geword. (1)

3.3 Sy het deursettingsvermoë gehad.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat met die inhoud van die bostaande**

***biografie* verband hou)** (1)

3.4.1 Die lewensverhaal van Helen Keller word beskryf.
3.4.2 Die weergewe van haar lewensverhaal is getrou.
3.4.3 Die skrywer van hierdie biografie tree as die derdepersoonsverteller op.
3.4.4 Die gebeure wat Helen Keller ondervind het, word beskryf.
3.4.5 Haar karaktereienskappe word indirek beskryf. **(slegs EEN)** (1)

**4 Gedig:** Kabouterliefde

4.1 Ingrid Jonker is die digteres. (1)
4.2 Sy het die gedig aan Simone opgedra. (1)

4.3 'n Strofe wat uit 4 versreëls bestaan, word 'n kwartryn genoem. (1)

4.4 "Die hoepelronde blou-blou lug
Het kadoemps op die grond geval" (1)

4.5 "Die hoepoelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal" (1)

4.6 "Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul't rondom ons in 'n kring getrek
soos 'n laer in die nag" (1)

4.7 "die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag" (1)

4.8 "Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die sprinkaan-wals gesing" (1)

**Memorandum** **Taal** **September 2023**

**Storie:** Lulu leer haar les

1 **Toekomende tyd**
Lulu sal 'n selfsugtige tienjarige meisie wees.

2 **Vraagsin**
Is sy die enigste kind?

3 **Sterk verlede deelwoord**
Sy was 'n regte bedorwe brokkie.

4 **Bywoord van tyd**
Sy eet altyd haar kos voor haar maats sonder om dit met hulle te deel.

5 **Saamgestelde woord**
Sy deel ook nooit haar speelgoed nie.

6 **Basiswoord**
Ek sluit die huis toe.
**(enige ander aanvaarbare sin waar die basiswoord "sluit" in die sin voorkom)**

7 **Idioom**
Sy verdien dit deur en deur. / Sy verdien dit beslis. / Sy verdien dit definitief. **(slegs EEN)**

8 **Intensiewe vorm**
Mutzi neem sy splinternuwe skaatsplank saam met hom.

9 **Afgeleide werkwoord**
Lang **–** verleng

10 **Indirekte rede**
Hulle het vir Lulu gesê dat sy haar eie skaatsplank kan koop.

11 **Lettergrepe**
Lulu voel baie mis/moe/dig en teleurgesteld.

12 **Verkleinwoord**
Nou voel dit of haar maatjies haar eenkant toe skuif.

13 **Ontkennende vorm**
Sy besef nou dat sy nooit selfsugtig was nie.

14 **Onbepaalde voornaamwoord**
Nou kon sy ook voel hoe dit is as iemand nie iets met jou wil deel nie. **(slegs EEN)**

15 **Lydende vorm**
Die sjokoladekoek word (deur hulle) geniet.


**Naslaanbronne** **September 2023**

**Persoonlike verhaal:** Vasgevang in emosies
*Eugene van der Westhuizen*

**Weervoorspelling:** Weervoorspelling vir die naweek
**Aangepas uit: *Die Huisgenoot*** www.netwerk24.com
*Chrislynn Sias*

**Dagboekinskrywing:** 'n Paar aangename dae by die see
*Eugene van der Westhuizen*

**Inligtingsteks:** Die verskillende gebruike van papier
**Almal Verstaan Afrikaans** *Macmillan Suid-Afrika (Edms) Beperk, 2012*
*R Ferreira, M van den Heever*

**Biografie:** Biografie van Helen Keller
**Almal Verstaan Afrikaans** *Macmillan Suid-Afrika (Edms) Beperk, 2012*
*R Ferreira, M van den Heever*

**Gedig:** Kabouterliefde
**Kroonsteen-reeks** *Best Books, 2009*
*F Viljoen, R Lamprecht, H Viljoen*

**Storie:** Lulu leer haar les
**Reënboog-werkboek** *Departement van Onderwys*